

## **Sondag 5 Maart**

**Skrifgedeelte: Galasiërs 5:22-23; Titus 2:1-15**

**Fokusgedeelte: Galasiërs 5:22; Titus 2:9-10**

### **Getroue gelowiges is 'n versiering vir dit wat God leer**

As gelowiges kan ons woorde en optrede soveel skade doen. Paulus het aan Titus, “sy eie kind in die geloof” (1:4), geskryf hoe om gelowiges te lei dat hulle nie God se woord in diskrediet bring met hulle optrede nie.

Vir ons, as 21ste-eeuse gelowiges, mag Paulus se advies oor hoe slawe moes optree, moontlik vreemd klink: geen opstand nie, maar onderdanigheid; geen teenpraterie nie; niks skelmpies vat by hulle eienaars nie. Hulle moes nie doen wat ander slawe dikwels gedoen het nie.

Hulle optrede moes – ten spyte van hulle omstandighede – getuig dat hulle betroubaar, lojaal en getrou is. Waarom? Hulle getroue optrede sou 'n versiering wees van dit wat God leer. Hulle getroue, lojale optrede sou soos juwele wees wat só uitgestal word dat hulle prag ten volle waardeer kon word.

'n Christen se getrouheid aan God – ook onder moeilike, uitdagende, verleidelike omstandighede – bring omstanders onder die besef van die prag en heerlikheid wat God leer. Die lewe wat gelowiges lei, getuig dat God werklik mense van 'n selfgerigte, sondige lewensbestaan kan verlos. Dit getuig van 'n nuwe lewe wat God bewerk.

God se Gees werk in elke gelowige die vrug van getrouheid en lojaliteit teenoor God en ook teenoor jou medemens. Waar gelowiges getrouheids-vrugte dra, sien mense wat dit wat God ons leer, mooi is. Dit bring hoop vir mense wat moeg en ontnugter is van die klatergoud, valsheid en nikswerd kitsoplossings van die wêreld.

*Sing: Psalm 31:1, 2 (1936)*

*Ds. EJ (Edmund) de Beer (Laeveld)*